Meer as oorwinnaars

- *Hennie van Kradenburg se gesondheid is op en af . Ons dra hom en Nicolene, wat Alzheimers het, op aan die Here vir Sy genade en sorg.*

- *Jansie Kilian is al vir 26 dae op ventilator . Bid asb vir haar man, Daan en die familie wat 'n senutergende tyd deurmaak met min inligting wat hulle bereik.*

- *Erika Kambouris het gesterf. Die viering van haar lewe vind plaas op Maandag 22 Februarie 11:00. Bid asb vir die familie dat hulle vertroosting sal ontvang van die Here.*

- *Dickie van der Merwe se kleinseun Kyle Vermeulen is al 'n maand in die ICU met Malaria. Ons dra hom en al sy famile op aan die Here.*

- *Ons is bly saam met Adél Klerck dat haar onlangse toetse gewys het dat sy skoon is. Ons loof die Here vir die wonderlike nuus. Hulle kleinseun het die matriekeksamen met 8 onderskeidings geslaag. Baie geluk.*

- *Bid steeds vir ouer persone in Rusoord asook die verpleegpersoneel en almal, veral die bestuur omdat Covid die bedrywe onder geweldige druk plaas.*

- *Baie geluk aan ds Gideon en Petro Du Toit met die huwelik van hul seun in Australië op Vrydag, 'n geleentheid wat hul ongelukkig nie kon bywoon nie.*

.

Die Aankondiger

21 Februarie 2021

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Prediker: ***Ds. Gideon Du Toit***

Skriflesing: *Eksodus 3*

Tema: *Ek sal by jou wees*

Liedere: *Ps 146:1,3 & 6; Lied 175 (saam met CD); 172 x 2*

TRANSFORMASIE LUKAS 10 (T-L-10) - 1

Verlede keer: T-L-10 is 'n opwindende en radikale nuwe manier om te lewe en Jesus te volg, of ons jonk of oud is

Hoekom T-L-10?

Vraag: Waar kom ons daaraan? Jesus het dit self vir sy dissipels geleer!

Deur die beginsels van T-L-10 toe te pas, kan jy deur die leiding van die Heilige Gees die Goeie Nuus vir mense vertel waar jy ookal gaan of is – by die skool, universiteit, werk, woonomgewing, inkopiesentrum of fliek of sportgronde.

Hoe kwalifikasie ek om te kan "T-L-10"?

Die goeie nuus is: *Almal van ons kan T-L-10*!
Al kwalifikasie wat ons nodig het: om onsself heelhartig daartoe te verbind om Jesus te volg.

(Vanaf vorige bladsy)

Hoe lyk die omgewing waarbinne ons T—L-10?
Dit lyk asof die Kerk van Jesus Christus *feitlik geen indruk op die gemeenskap maak nie, EN d*it lyk of dinge al erger word . . .

Terwyl die probleem al erger word, lyk dit of lidmate allerhande redes kry om nie betrokke te raak en nie deel van die uitreik aksie te wees nie. So baie van ons is net toeskouers.

Ongeveer 3% kerklidmate kom gereeld in 'n kerkgebou, en slegs 10%-20% van die kerkgangers is werklik aktief as Christene in hul gemeente! Die Corona pandemie het dinge net nog meer vererger.

Daar is soveel mense wat vir Christus in Suid-Afrika bereik moet word, byvoorbeeld:
"Kerkmense" wat in naam Christene is maar nie hul geloof uitlewe nie
Mense wat valse gelowe aanhang
Ateïste, agnostisie en mense wat teleurgesteld of ontnugter is
Mense wat van lande en omgewings kom waar hulle nog nooit van Jesus gehoor het nie, of nie die evangelie verstaan nie.

Die situasie in gemeentes:
Die dienste of programme in gemeentes is gewoonlik meer as 90% *na binne gerig* – hulle doen goeie werk, maar versorg hoofsaaklik gemeentelede, personeel en kerklike eiendom (fokus net op "ons mense"). Dikwels sien ons nie die nood buite die gemeente raak nie.
Ons is so besig met *dinge* en *ander mense*, dat mense sonder Jesus ons byna nie raak nie.

Hoe word dié mense bereik?
Mense leer Jesus hoofsaaklik ken as gevolg van 'n verhouding, of 'n reeks verhoudings en interaksies met gewone Christene - *met 'n vriend, kollega, familielid of 'n vreemdeling*. Elkeen van ons is geroep om die evangelie met ander te deel – kom ons doen dit!

Volgende keer:
Wat was Jesus se plan en strategie vir die uitbreiding van die koninkryk?

Baie geluk aan almal wat verjaar :

21 - 28 Februarie

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Jacobs	Johan	02/21		
Jacobs	Jomari	02/21		27769569901
Turner	Marieta	02/21	082 817 8935	27828178935
van Dalen	Tineke	02/22		
Pienaar	Chrisjan	02/23	012 664 7797	
Pienaar	Daleen	02/23	012 664 7797	27828487478
Baard	Magda	02/24	012 667 2282	27721908805
Theron	Isa	02/24	012 6643479	27825682926
Van Niekerk	Fanie	02/24		27827815673
Robertson	Arthur	02/25	607463928	27789525634
De Jager	Dries	02/26	012 6641740	27827791271
Scheepers	Annetjie	02/27	839452005	27839452005

GEWYSIGDE SKOOLKALENDER 2021

Met die Covid inperking het daar veranderinge aan die skoolkalender gekom. U kan die volgende wysigings op u kerkkalender aanbring asb:

	Open		Sluit
Skool kalender:	**1. 15 Feb**	**-**	**23 April**
	2. 3 May	**-**	**9 Julie**
	3. 26 Julie	**-**	**1 Oktober**
	4. 11 Oktober	**-**	**15 Desember**